# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Saterdag 18 Mei 1957. Nr. 7.


FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

# KOVSIES WEN THEOS 8-3!

## *STEENKAMP DRUK WENDRIE VIR U.O.V.S.*

**In 'n baie harde dog aanskoulike wedstryd het die Kovsies weerwraak geneem op hul neerlaag van verlede jaar deur die Pukkies 8—3 te klop. Hier moet ons egter byvoeg dat die wendrie in die doodsnikke van die wedstryd deur niemand anders as Stoney Steenkamp, voorheen Puk se gereëlde agsteman, gedruk is. (Geluk Stoney, net jammer dat jy die punte vir U.O.V.S. moes aanteken!) Sprankelende spel is by tye gelewer en aan opwinding het dit nie ontbreek nie. Veral aan die einde het die spanning hoog geloop.**

In die derde minuut van die wedstryd is 'n strafskop vlakvoor die pale deur U.O.V.S. verbrou. Alhoewel Theos in die eerste kwartier nie veel van die bal te siene gekry het uit die skrums nie, het hulle die lynstane oorheers en die paar kanse wat hulle gekry het, mooi benut en hier het Kruger die agterlyn seepglad weggestuur. Na sowat 'n kwartier het Jan van der Schyff twee maal namekaar lieflik gebreek en die bewegings is op die laaste nippertjie gestuit. Hierna het Theos pragtige samespel begin lewer. Ondertussen het die dirigente hul stryd op die pawiljoen voortgesit. Die ondersteuning van die kant van die pawiljoen het geensins ontbreek nie.

Na sowat 25 minute kry Dannhauser ook 'n kans pale-toe, maar ook hy verbrou die redelik maklike strafskop. Kort hierna kry hy egter weer 'n kans en sit hierdie keer 'n strafskop van plus minus 55 tree lieflik in punte om. Hierna is sprankelende spel gelewer dog U.O.V.S. verbrou hul kanse gruwelik na 'n mooi breekslag om die skrum deur die Vrystaatse skrumskakel. Met 'n oop doellyn voor, gaan 'n seker drie egter verlore a.g.v. 'n lelike aanslaan. Rustyd breek aan met die telling P.U. 3 — U.O.V.S. 0.

'n Rukkie na rustyd breek Smit, U.O.V.S. se skrumskakel, lieflik weg van 'n vyf-tree skrum en gaan in die hoek oor vir 'n onvervyfde drie.

Die spel het op hierdie stadium heen en weer oor die veld geswaai en sprankelende agterlynbewegings is van stapel gestuur.

Slegte samespel aan beide kante het egter alle deurkomkans in die kiem gesmoor.

**Keerpunt.**

Die keerpunt het egter gekom toe Steenkamp na 'n mooi breekslag en goeie hanteerwerk deur sy spanmaats, langs die pale oorgegaan het vir 'n puik drietjie. Hierdie drie is ook vervyf.

Theos se agterlyn het mooi gespeel en vinnig beweeg en indien hulle meer van die bal te sien gekry het, kon sake dalk anders verloop het. 'n Gelykopbeslissing sou 'n baie goeie weergawe van die wedstryd gewees het.




Puk se drie losvoorspelers het telkens die oog gevang en Steynberg en Willemse het goed vertoon in die lynstane. Hendrik Erasmus het skitterende spel in die heelagterposisie gelewer en sy possisionele spel was puik.

Kovsies, oppas vir volgende jaar.

**NAVY**

Om 3.00 nm. het die Navy op die veld gedraf. Na die skitterende oorwinning van die O/19 was die gees hoog.

Na 4 minute het die heelagter van U.O.V.S., Bobby Wilkens, 'n strafskop van 40 tree deur die pale gelig. Die Oukies het vlam gevat en knaend die doellyn van die Puk bedreig.

Tydens een van hulle aanvalle op die doellyn het die Kaptein van Navy Dick Putter, 'n armbesering opgedoen toe hy op 'n bal geval het en moes die veld verlaat. Hoewel Kotze sy bes gedoen het, is die bestendige Dick gemis.

Die U.O.V.S. het in die halfgebied van die Pukke geboer en hulle moes 'n paar keer benoud dooddruk. Duime van die doellyn af is M. van Zyl by die kantlyn uitgeduik na 'n pragtige lopie. Die een agterlynbeweging na die ander het van die kant van U.O.V.S. gevolg en dit was eers in die laaste 10 minute van die eerste helfte dat die Pukke die greep kon afskud, maar in die laaste minute het Dawfré Roode daarin geslaag om vir die Oukies 'n sierlike skepskop oor die dwarslat te lig. Rustydtelling 6—0 in die Oukies se guns.

Na rustyd het die boerdery in die Puk se kwartgebied voortgeduur en J. Venter het na enkele oomblikke oorgeduik vir 'n onvervyfde drie. Die verdere verloop van die wedstryd was gekenmerk deur die volgehoue aanvalle op die Puk se doellyn en die Pukke se rotsvaste verdediging.

Vyf minute voor die eindfluitjie, het senter Mouton, 'n pragtige breekslag uitgevoer en onder die pale gaan druk vir 'n vervyfde drie. Wilkens, die heelagter van U.O.V.S. het uitstekend gespeel en net voor die eindfluitjie 'n laaste skepskop deur die pale geloods. Eindtelling dus: U.O.V.S. 17, P.U. 0.

**PUK BABAS BOBAAS !**

Onder groot opgewondenheid het hierdie eerste wedstryd van die middag om 1.45 nm. begin. Die spel wou nie eintlik van die begin af vlot nie en die agterlyn kan nie op dreef kom nie.

Tien minute na die begin van die wedstryd het U.O.V.S. se kaptein Strydom sy span bloed laat ruik toe hy 'n maklike strafskop oorgeklits het. Vyf minute later was die Pukke knaend op die aanval en wou net oor die Kovsies se doellyn bars. Na 'n pragtige breekslag deur die Pukke se skrumskakel het die senter Pretorius oorgeduik vir 'n pragdrie. Telling: drie elk.

Minute later val Steyn, voorryman van Puk oor vir 'n verdere drie en Schalk Hoogenboezem vervyf!

Die manne was nou deeglik warm en die Kovsies is beloon toe Strydom weereens 'n eier tussen die pale deurgestuur het. Op hierdie stadium was die telling agt, ses in die Pukke se guns.

Dit was ook die rustydtelling.

Albei die spanne het die tweede helfte vasberade begin, maar dit het meer as vasberadenheid geverg om nou oor die doellyn te kom. Die manne het mekaar deeglik opgekeil, maar hoogtepunte was skaars. Verskeie strafskoppe wat deur die Pukke waargeneem is het misluk — ook 'n maklike een wat in die doodstrekke van die wedstryd deur Hoogenboezem waargeneem is.

Die eindtelling was agt, ses in die guns van die Pukke. Die wedstryd was hard, maar die ander spanne het die middag pragtig ingelei.

Mooiskoot Pukke — julle verdien dit! Kovsies — julle sal nog julle kans kry.

# W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

*Elektriese Benodighede*

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

DAMES!!

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Tomstraat 63 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

# G. H. Juweliers

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE

BESOEK:

KOLLEGE ONTWINKEL

PUKKIES!!

VIR:

- TOILETWARE
- SKOONHEIDS-MIDDELE
- SKRYFBEHOEFTES
- VULPENNE
- HORLOSIES
- EETWARE en alle
- STUDENTE-BENODIGHEDE.

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

**Central News Agency**

Ltd.

CNA

Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorsese Tydskrifte en Koerante.

Kerkstraat 139, — Telefoon 114

POTCHEFSTROOM

**PRESIDENT CAFE**

and

**GRAND CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS

LOOCK & KEENEY

**Kleremakers**

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

Drink S & S en Geniet

DIE BESTE

SUPER ORANGE

TING-A-LING

PEP-A-DILLA

TOP HAT

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 205,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380

**Die Apteek vir Diens!!**

# ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee

# ALF'S STUDIOS

KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)

geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-DIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

Die Wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
Saterdag 18 Mei 1957.

# Aanpassing en Gees.

Nog 'n Intervarsity is agter die rug. Aan diegene wat die oorwinning behaal het, sê ons: „Nogmaals: baie geluk!" en met hulle wat die kous oor die kop gekry het stem ons saam: „Volgende jaar is nog 'n jaar. Wag net tot dan en julle sal 'n punt of twee gewys word. Elke hond kry sy dag!" Dit is die gees wat by die jeug pas en geen ander gees mag ons van studente verwag of aanvaar nie.

Die ou gesegde is mos: „Buig die boompie terwyl hy nog jonk is". En ons is jonk. Daarom mag die nederlaag van vandag nie die gees knak nie, maar slegs buig. Die gees moet leer om mee te gee en weer regop te kom. Op die sportveld kom miskien die beste geleentheid vir die jongmens voor om hierdie geleentheid aan te leer en te beoefen. So word die sport verhef van 'n lae kragstryd tot 'n leer- en temperingskool vir die gees en karakter. Die gees en karakter word gestaal en aangepas vir die gedurigwisselende omstandighede van die lewe.

Dit toon ook weer dat die mens iets van die plant in hom het. Gedurende die afgelope week is daar byna tot vervelens toe „gees gevang". Elkeen was tot breekpunt toe opgesweep en elkeen was net op een ding ingestel: oorwinning. Tog: toe die neerlaag ondergaan is, was die aanpassing by die gans veranderde omstandighede daar. Die reaksie was soos dit moes wees.

Nou is Intervarsity en Jool verby. Wat oorbly, is die akademie. Mag ons hier dieselfde aanpassingsvermoë openbaar en die intervarsity-en joolgees prysgee vir die „swot"-gees. Die studentegees moet en sal bly, want dit is die bladgroen van die student as plant.

En mag dit nooit wees dat studentegees net uit intervarsity- en joolgees bestaan nie, want dan moet die blare van die plant maar 'n bra ongesonde geelgroen kleur vertoon.

# Totsiens, Kovsies.

En dan sê ons maar weer: „Totsiens, Kovsies! En 'n handdruk vir wat bereik is". Ons hoop julle het dit net so geniet as ons. Om julle in ons midde te hê was 'n voorreg. Om met julle op die sportveld mee te ding, was 'n genot. Laat ons hoop dat die intervarsitytradisie met sy talle implikasies vir nog vele jare sal bloei.

Hamba kahle (soos die Zoeloes sê) tot volgende jaar sulke tyd!

## Oordenking

# DIE BEVRYDENDE SPEL.

En net wanneer daar 'n gees van God oor Saul kom, neem Dawid die siter en speel met sy hand; dan voel Saul verlig en word beter, en die bose gees wyk van hom.

(I Sam. 16:23.)

Koning Saul leef in die skadu. Stralend was sy begin. Strelend die gedagte: op die voorpunt van die koningsry van Israel. Sy wil was gebod, sy glim lag 'n seën, sy toorn 'n vloek.

Maar toe het die donker skadu oor sy lewe gekom; gekom om nie weer te wyk nie. En die oorsaak? Saul wou sy vryheid soek in ongehoorsaamheid. Hy wil eie weë betree. Maar hy sal ontdek dat sy nuwe vryheid hom in slawerny dompel. Koning in naam, maar wesentlik geen koning meer nie. Neerdrukkende angs word die monotoon van sy lewe. Fluisterstemme klink op uit die voetstappe van die howeling, in die gesuis van die wind deur die bome en in die wakker nagte van sy donkerheid speel die maan met ongetekende skaduwees.

Meer as eenmaal was Saul ongehoorsaam gewees. En nou: die bose gees wat hom kwel.

Soos die eensame sieke op sy siekbed 'n oomblik opleef as die deur van sy kamer oopgaan en hy die geur van rose in sy neusgate opvang, so word die geplaagde siel van Saul verkwik deur die hand van Dawid wat die snare van die siter streel. Dan voel Saul verlig; die spel werk bevrydend. Dit verlig, maar verlos nie. Want ten slotte kan ook die siterspel nie meer help nie. 'n Plotselinge opflikkering van woede, 'n trillende spies in die muur — en geen sitermusiek meer nie . . . . .

* * * *

In hierdie man wat in eie hand geneem het wat aan hom toevertrou was, wie se lewe bedreig en vol onvrede was, herken ek 'n wêreld wat alles wat aan hom toevertrou is, vir homself toegeëien het: alle kennis en mag, wetenskap en kuns.

'n Wêreld wat God verban het na die kerk.

'n Wêreld wat begin ontdek dat sy vryheid 'n nuwe slawerny beteken.

'n Wêreld waarin eensaamheid en angs die grondtoon geword het.

Ook herken ek in Saul baie mense, jonk en oud, wat tintel van gespannenheid en afwagting, of wat in somberheid troosteloos neersit.

En ek sien hom sit in die wagkamer van die psigiater.

En ek hoor die howeling sê: die musiek is weg.

En daar kom musiek. En lafenis. Saul begin studeer. Hy begin ontspan. Saul neem deel aan sport. Saul gaan na die bioskoop. Hy gaan na die boks- en stoeigeveg. Saul roep na die natuur waar die wolkies lok, die stroompies lispel en die voëltjies hul liedjies aanhef.

Maar dit alles verligting, geen genesing nie.

Ek sien hoe die orde kan omkeer. Saul slinger sy spies na Dawid. En die uitvlugte word slawerny en die arbeid 'n tiran en die liefde 'n vraat.

Saul het God in sy lewe ontbeer; dan soek hy 'n Dawid met sy bevrydende spel.

Maar agter Dawid staan die spruit wat ook uit Betlehem kom. En Hy sê aan alle Sauls: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee". Rus onder die geklank van engelekore in die hemele.

Nie net verligting of verademing nie, maar ewig rus en hemelse vrede.

P. G. L. van der Walt.

**REDAKSIE**

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Kooy; Aflos: Mej. L. Heslinga.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

DAMESHOKKIE :

# Dis Hokkie, Outjies!

**Eerste span:**

In 'n lewendige en taai wedstryd het die dames van U.O.V.S. die Pukkies met 4—0 verslaan.

Die eerste helfte is gekenmerk deur goeie stukkies individuele spel en samespel wou maar nie vlot nie. Die rustydtelling was dan ook 1 — 0.

In die tweede helfte het die Outjies met **Hokkie** (d.w.s. samespel voor die dag gekom. Die voorlyn met Wetherby-Williams (3 doele), Rina Louw, regtervleuel, en J. Botha (1 doel) aan die spits, was te goed vir die goeie verdediging van die Pukkies.

Cecile Smit en Annemarie Meyer het op die verdediging baie goed vertoon. Jammer dat die sukses nie deur die voorlyn opgevolg is nie. Die Pukkies moet leer skiet as hulle in die doelgebied kom! ! !

**Tweede span !**

Oulik Outjies! Pukkies môre is daar nog 'n dag! 'n Mooi wedstryd waarin die Outjies deurgaans die botoon gevoer het. Die oorwinning van 4—1, is grotendeels te danke aan puik verdediging en vinnige spel waarin die bal mooi rondgeslaan is. Aanvanklik het die Benoudes goed wal gegooi, maar dit was duidelik dat die Outjies eenmaal te goed was!

MANSHOKKIE:

## Eerste Span Stel Teleur

**EERSTE SPAN.**

Hoewel U.O.V.S. met rustyd 3—1 voorgeloop het, het albei spanne goed vertoon. Vir 'n geruime tyd was die telling 3—0 in U.O.V.S. se guns, dog nadat Puk sy eerste doel geskiet het was dit asof hulle moed geskep het en het hulle voor U.O.V.S. se doelpale geboer. U.O.V.S. het 'n paar keer daarin geslaag om deur te breek.

Met die aanvang van die tweede helfte het U.O.V.S. knaend aangeval, maar hul kon nie slaag om punte aan te teken nie.

Toe die Pukke egter vlam vat, was dit U.O.V.S. wat tot die verdediging moes oorgaan. Beide spanne slaag daarin om nog 'n doel aan te teken. Die eindtelling was 5—2 in U.O.V.S se guns.

Albei spanne hert deurgaans goed vertoon en die spel lewendig gehou. Met reg kan gesê word dat die wedstryd 'n hele aantal spannende oomblikke opgelewer het.

## Tweede Manshokkie

Die tweede manshokkiespan van die PUK het daarin geslaag om dié van die Oukies met een doel teenoor nul te wen. Hoewel die Pukke meer op die aanval was in die eerste helfte, het die Kovsies goed verdedig. Met rustyd was die telling 1—0 in die Puk se guns.

Die tweede helfte het spannende oomblikke opgelewer, maar geen verdere punte is aangeteken nie.

JUKSKEI:

## PUK WEN MOOI WEDSTRYD

Gedurende die eerste rondte kon die Pukke se eerste span binne agt gooibeurte die Kovsies se skedels aan hulle gordels hang met 'n telling van 15—0.

Die Pukke se tweede span moes egter na 'n marathonwedstryd die knie voor U.O.V.S. se eerste span buig met 'n telling van 12—3.

Met die tweede rondte kon Puk se tweedespan weer spog met 'n oorwinning van 10—5 oor U.O.V.S. se tweede span, en wel binne dertig minute.

Die Pukke se eerste span moes hard swoeg om U.O.V.S. se eerste span 8—7 te verslaan, na nog 'n marathon wedstryd waarin geen skof voltooi kon word nie, en P.U. in die eerste skof voorloop met punte.

Eindtelling:
P.U. 36.
U.O.V.S. 24.

## P.U. WEN STOEI OORTUIGEND!

In die intervarsity-stoeitoernooi het die P.U.-span onder leiding van hul kaptein P. Brandt oortuigend met veertien punte teen twee van U.O.V.S. gewen.

UITSLAE:

**Kapokgewigafdeling:** Dokkie Coetzee (P.U.) wen met een val teen P. Cellier (U.O.V.S.)

**Veergewigafdeling:** P. Nel (U.O.V.S.) wen met twee valle teen C. Botha (P.U.).

**Weltergewigafdeling:** Wynand Putter (P.U. wen met twee valle teen Booysen (U.O.V.S.) en P. Brandt (P.U.) met een val teen Du Plooy (U.O.V.S.).

**Liggewigafdeling:** P. Steyn (P.U.) wen met twee valle teen Delport (U.O.V.S.).

**Middelgewigafdeling:** Martyn Viljoen (P.U.) wen met twee valle teen Rademeyer (U.O.V.S.) en K. van Niekerk (P.U.) wen het twee valle teen Schoeman (U.O.V.S.).

GELUK PUKKIES!!!

## Wegholoorwinning Vir Puk in Korfbal

**EERSTE SPAN:**

Baie aanskoulike korfbal is deur sowel U.O.V.S. as deur Puk gespeel. Stefanie was soos gewoonlik op haar stukke. Biebie en Corrie het ook uitstekend gespeel. Ons wil natuurlik die middels, veral Betsie en die verdedigers nie uitsluit nie. Leonora de Wet en Orna Conradie was o.a. U.O.V.S. se uitblinkers. Met halftyd was die telling 28—13 in die Puk se guns. Die eindtelling 54—32 ook in die Puk se guns. Almal kan getuig van die aangename gees wat om die baan sowel as op die veld geheers het.

Geluk Pukke en dankie U.O.V.S. vir die lekker saamspeel!

TWEEDE SPAN:

Die Pukke spring goed weg en bly voor. Halftydtelling was 9—6. Ten spyte van U.O.V.S. se rats verdediging bly Puk voor en wen die wedstryd 19—12. Hantie van der Walt, was die staatmakerdoel en die ander speelsters het hulle almal goed van hulle taak gekwyt.

## SWAAR KOVSIES DREUN PUK OP!

**TEKKIES.**

Onder die humoristiese aansporing van „Tiepie" van den Heever het die U.O.V.S. tot grote hoogtes gestyg en die eindtelling was 16—3, vier drieë en twee daarvan is vervyf. Die Puk se drie het van Gawie Venter gekom.

Weereens was dit die meerdere gewig van hul teenstanders wat nie kon opweeg teen die beweeglikheid van Puk, veral van Kense. Oor die algemeen is die wedstryd in 'n lekker gees gespeel.

**O/19 B.**

Gedurende die eerste helfte van die wedstryd het die Pukke nog gehou, sodat die rustydtelling maar 5—3 was in die guns van U.O.V.S., maar na rustyd het die groter gewig van hul teenstanders en die spoed van veral Johan Venter teen hulle getel en die eindtelling was 15—3 vir U.O.V.S. Die punte het gekom deur drie drieë wat aldrie vervyf is. Puk se enigste drie het van Jan Ras gekom.

**„FIRES" WEN.**

Die enigste sege in rugby in die oggend wat Puk betref, het na Fires gegaan met 'n oorwinning van 8—6.

Die beweeglike Pukke onder aanvoering van Rosier de Ville was een te veel vir die Kovsies. Deurgaanse spanning het geheers tot aan die einde waar H. B. van der Walt die wedstryd beslis het deur 'n mooi strafskop. Die ander drie vir Puk het gekom van Cas Kruger.

## TENNISSEGE VIR PUK

Onder ideale omstandighede het die eerste skote van die intervarsity Vrydagmiddag geklap Almal was in die regte stemming en die botsing het in die allerbeste gees plaasgevind.

Die dames van U.O.V.S. het ons moedige span met ses spelle geklop. Die mans was egter nie opgewasse teen die Pukkies nie, want hulle moes die stryd gewonne gee met 'n agterstand van een-en-dertig spelle, sodat ons in die geheel kan spog met 'n oorwinning van vyf-en-twintg spelle. Die groottotaal was U.O.V.S. 217, P.U. 242.

Die interessante stryd tussen Pokkie Smit en Dawie du Plessis, wat ingeveer 2 uur geduur het, was so na die smaak van elke tennisliefhebber. Die twee het voel-voel begin, maar hulle het al warmer geword en met meer vuur gespeel. Die stryd het gelyk verloop totdat die telling 6—4, 4—6, 5—5 was. Toe Dawie in die derde stel 5—6 agter was, het hy moedig teruggeveg. Die spanning het hoog gelaai, en 'n sug het van die toeskouers opgegaan, toe Pokkie met voordeel 'n bal in die net slaan. Pokkie was egter vasberade om te wen en het dan ook die laaste spel ingepalm, omdat hy fikser as sy teenstander was.

Wat die dames betref het die stryd tussen mevr. Van Rooy en mej. Lorna van Niekerk (U.O.V.S.) bewys gelewer van watter hoë gehalte die spel was. Die veilige jong enkelspeelster het haar ervare teenstander 'n oorwinning van slegs 8 spelle teenoor 7 gegun.

Verdienstelike spel is ook gelewer deur Makkink, De Jager en Hennie de Wet, asook deur Colinie Krüger en Irma Schoeman.

## Tafeltennis uit die hoogste rakke

Vir die eerste maal is tafeltennis op Intervarsity gespeel, en dit het geblyk uiters geslaag te wees. Die spanne het mekaar goed vasgehou en deurgaans hoë gehalte spel gelewer.

Puk se **tweede dames-span** het 'n mooi vertoning gelewer deur agt wedstryde te wen teenoor twee van U.O.V.S.

Na 'n taai wedstryd het die dameseerstespan die knie moes buig, met 8 stelle teen twee. By die mans was sake moeilik. Albei spanne het gelykop gespeel met 6 stelle elk. Op die groottotaal het die Pukke met 23 teenoor 22 stelle gewen.

Enslins Drukkery, Potgieterstraat 31, Potchefstroom